



FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Kontakbesonderhede: nuusbrieff@framesby.co.za

Uitgawe 61: 23 September 2015

KOESTER JOU VRIENDSKAPPE!

Alhoewel ons soms voel dat die lewe net soveel makliker en eenvoudiger sou wees sonder ander mense wat gedurig op ons "case" is, kom ons telkens tot die besef dat dit juis ons verhoudinge met ander mense is wat die lewe die moeite werd maak. Ongelukkig het ons dikwels die geneigdheid om hierdie "lewensaar" te saboteer deur die mense na aan ons seer te maak en weg te stoot wanneer dit ons pas, net om later om te draai en weer toenadering te soek, weer dikwels omdat dit ons pas.

Verhoudinge bestaan om ons sterker te maak, en wanneer ware vriendskap opgebou word, kan min dinge dit vernietig. Gaan dink bietjie na oor watter mense jou lewe al beter gemaak het, en wie se lewe jy al beter gemaak het deur jou optrede. Jy mag dalk agterkom dat daar heelwat mense is wat oor die jare al soveel in jou lewe beteken het, maar dat jy nie naasteby soveel vir hulle beteken het nie. Dit sluit almal is, selfs al is hulle nie jou "vriende" nie. Facebook-vriende maak nie jou lewe beter nie. Net "regte" mense kan dit doen.

Daarom dat ons elkeen met OOP oë elke dag moet aanpak. In die tye waarin ons leef val die fokus baie op onself, en ons is dikwels baie blind vir die waarde van omgee, en om voor omgegee te word. Doen daarom moeite om wakker te wees vir geleenthede om ander se lewens beter te maak deur jou teenwoordigheid. Dra 'n positiewe boodskap uit. Raak 'n ware vriend wat ingestel is daarop om meer van jouself te gee as wat jy van ander vra. Koester jou vriendskappe!

TYD OM DIE Matrieks OP TE DRA

Die September-eksamen het gekom en gegaan, die vakansie begin, en die jaar is verby! In al die huise met Graad 12's is dit nou spanningsvolle tye wat voorlê.

Alhoewel elke jaar se Graad 12's vermoed dat hulle die eerste is wat eksamen skryf, het geslagte voorheen dit reeds gedoen, en die meeste het ongeskonde daar uitgekome. Wat egter wel waar is, is dat vandag se leerders MOEG geassesseer word. Van die dag dat hulle hul voete in die skool sit word hulle oorval met die een taak of opdrag na die ander, en sukkel hulle dikwels om uiteindelik te onderskei oor wanneer dit regtig belangrik is en wanneer nie.

Daarom dat die tyd nou aangebreek het dat almal hierdie matrieks baie spesiaal sal opdra in ons gebede. Dis sekerlik die grootste geleentheid in hul jong lewens waar daar verantwoording gevra word, en waardeur hulle nie sal kom sonder ondersteuning en liefde nie.

Mag elke matriek-leerder hierdie eksamen aangryp as 'n ongelooflike uitdaging en voorreg, en mag elkeen die liefde en ondersteuning van almal om hulle ervaar!

EKSAMENDATUMS

Graad 12: 19 Oktober
Graad 11: 26 Oktober
Graad 10: 26 Oktober
Graad 9: 9 November
Graad 8: 9 November

Die Graad 11-rooster is op bladsy 3 aangebring. Dit is die FINALE rooster. Die roosters vir die ander grade sal in die eerste week van volgende kwartaal uitgegee word.

VERJAARDAE WERDIE WEEK

Die volgende uitgawe verskyn eers op 16 Oktober. Daarom is die verjaardaglys bietjie lank en kan dit op bladsy 2 gelees word.

VOORSPOED!

Graag wens ons hiermee die volgende leeders baie voorspoed toe:

ANEL GERBER

Anel is vanaand een van die finaliste by die *Herald Matric of the Year*-geleentheid. Baie sterkte Anel. Ons almal hou styf duim vas!

ONS 1ste KRIEKETSPAN

Voorspoed manne met jul deelname aan die toernooi in Mosselbaai. Hou ons naam hoog en wys die ander spanne wie Framesby nou eintlik is!

VAKANSIEVERJAARDAE

Die volgende leerders verjaer gedurende die vakansie en in die eerste week van volgende kwartaal. Veels geluk aan julle almal. Onthou, net spesiale mense verjaer in die vakansie!

Saterdag 3 Oktober

Nadine Botes 8B
Jarrad Clark 9D
Izak Marais 10B
Ruben Pretorius 12F

Sondag 4 Oktober

Brendan Bester 12G
Chandré Botha 9D
Nicolaas Nel 9E

Maandag 5 Oktober

Handré Esterhuysen 12E
Aldrich Immelman 11G
Wayne Moss 12B
Johannes Slabbert 9B

Dinsdag 6 Oktober

Charlene de Jager 11B
Ruan de Ridder 8F
Mariéke Gerber 12G
Nicola Hanekom 10A
Alexia le Roux 9D

Woensdag 7 Oktober

Lecardo van Vuuren 8C

Donderdag 8 Oktober

Hanli Lintvelt 10G
Francisca Strydom 9G

Vrydag 9 Oktober

Lara de Bloe 8A
Twané Kuhn 12G
Vicky Oelofse 9C

Saterdag 10 Oktober

Katelyn van Antwer 9G
Megan Victor 9B

Sondag 11 Oktober

Lariney Cloete 10G
Donovan Jerling 8B

Maandag 12 Oktober

Geen

Dinsdag 13 Oktober

Juan-Ray Bekker 10E
Steven Deyzel 12D
Zander Fourie 111D
Chandré Goussard 12F

Woensdag 14 Oktober

Dané Humpris 12E
Brendon Welsh 10B
Nina Woithe 8D

Donderdag 15 Oktober

DJ van der Merwe 12B
Rochelle van Niekerk 8A

Vrydag 16 Oktober

Jadene Parker 9E
Christiaan Vermaak 8C

NOOT VIR NOOT 'N JOLIGE SUKSES!

Die Framesby-weergawe van Noot-vir-Noot, wat jaarliks deur Forte onder leiding van mej. Marissa Roodt aangebied word, het vanjaar weer gesorg vir GROOT pret. Nie net het Forte uitgeblink as die "musiekfabriek" nie, maar het die gaskunstenaars die aand verder onvergeetlik gemaak. Met mnr. Clint Garbers op sy Johan Stemmet-beste, het mnr. Johan Meyer en mnr. Derek Rautenbach die skare in vervoering gehad met hul sang. Mevv. Heidi Strauss, Twané Nell en Chrismarié Potgieter, asook mej. Bianca Swanepoel, saam met die "rocker" mej. Roodt, het almal betower met hul solo- en groepsang!

Die spanne wat meegeding het om die gesogte titel van Noot-vir-Noot-kampioene was 'n Beginnerspan, 'n rugbyspan, 'n hokkiespan, 'n netbalspan, 'n Grafitti-span, 'n oud-leerder-span en twee onderwyserspanne, alhoewel die uiteindelijke wenspan, die *Bright Sparks*, met twee "huursoldate" saamgespan het!

Baie dankie aan mej. Roodt en haar helpers vir 'n heerlike aand!



WENSPAN!

KRIEKETMANNE SPEEL DIE SUID-KAAP AAN DIE BRAND

Ons krieketspanne is reeds 'n tydjie aan die gang en ons O/14- en O/15-spanne het verlede naweek na George gereis om aan die PW Botha-toernooi daar deel te neem. Ons O/14's het in hul westryd teen Daniep Pienaar se O/15's gelykop gespeel en daarna Punt en Somerset College se O/15-spanne geklop. In die finaal moes ons ongelukkig met 50 lopies die knie buig teen Newlands-krieket van die Kaap.

Ons O/15-span het hul eerste wedstryd teen Newlands verloor, maar daarna Somerset College met 6 lopies geklop, waarna hulle Punt met 114 lopies afgeransel het. Hierna het ons ongelukkig met 13 lopies teen Somerset se O/14's vasgeval, waarna ons teen Somerset College met 84 lopies baas was. Baie geluk aan beide hierdie spanne. Julle het ons naam pragtig uitgedra!

ONS LEERDERS PRESTEER

FRAMESBY-GOLF OORSPOEL FNL-REEKS

Verskeie Framesby-atlete het onlangs aan die tweede FNL-atletiekbyeenkoms deelgeneem, waar ons veral in die verspring, gewigstoot, diskus en die middelaafstande uitgeblyk het. Ons atlete het uiteindelik vier goue, elf silwer en sewe bronsmedaljes verower.

Die volgende atlete het uitstekend presteer en eerste plekke verower: Roelof Roodt in die Seuns O/19-diskus, Anneke Kapp in die Dogters O/19-gewigstoot, Vicky Oelofse in die Dogters O/17-1500 m en Joshua Gouws. Anneke van Rooy het ook baie goed presteer deur 2de plekke in die 100m sowel as die 400m vrie Dogters O/19 te verower.

Baie dankie aan die Framesby-atlete wat deelgeneem het. Alles dui daarop dat atletiek weer eens van krag tot krag gaan in ons skool. Soos vroeër berig, is 'n suksesvolle kliniek onlangs hier aangebied, en ons weet dat al die harde werk beslis nog groter vrugte gaan afwerp. Baie geluk. Ons is baie trots op ons atlete!



GRAAD 11 EİNDEKSAMENROOSTER

Soos dit reeds vir etlike jare die geval is, skryf ons Graad 11's aan die einde van die jaar 'n departementele eksamen. Al die vraestelle, behalwe vir die Voorgeskrewe Vraestelle (Vraestel 2) van Afrikaans en Engels, word ekstern opgestel. Die vraestelle word wel intern nagesien. Die rooster maak voorsiening vir twee skryfsessies per dag en die leerders begin op die tyd soos aangedui skryf, en die skryftyd word bepaal deur die tydstoedeling vir die bepaalde vraestel. Die leerders sal volgende kwartaal die volledige rooster ontvang.

DATUM	OGGEND (08:30)	MIDDAG (12:30)
Maandag 26 Oktober	Afrikaans Vraestel 2	
Dinsdag 27 Oktober	English Paper 2	
Woensdag 28 Oktober	CAT Prakties	
Donderdag 29 Oktober	Inligtingstegnologie Prakties	
Vrydag 30 Oktober	Lewenswetenskappe V1	
Maandag 2 November	Lewenswetenskappe V2	
Dinsdag 3 November	Wiskunde/Wisk. Gel. V 1	Afrikaans Vraestel 3
Woensdag 4 November		
Donderdag 5 November	Inligtingstegnologie V2	English Paper 3
Vrydag 6 November	Wiskunde/Wisk. Gel. V 2	
Maandag 9 November	Rekeningkunde	
Dinsdag 10 November		
Woensdag 11 November		
Donderdag 12 November	Fisiese Wetensk. Vraestel 1	
Vrydag 13 November	Besigheidstudies	
Maandag 16 November	Fisiese Wetensk. Vraestel 1	
Dinsdag 17 November	Toerisme	CAT Vraestel 2
Woensdag 18 November	IGO - Vraestel 1	English Paper 1
Donderdag 19 November	Geografie - Vraestel 1	Geografie - Vraestel 2
Vrydag 20 November		IGO - Vraestel 2
Maandag 23 November		Afrikaans Vraestel 1
Dinsdag 24 November	Verbruikerstudie	Musiek Vraestel 2

ALGEMEEN EN SIELSKOS

VAN EWIGHEID GEKEN

DAAR is baie van die Psalms wat so diepsinnig is dat 'n mens net beseft hoe helder die openbaring van God in die Ou Testament reeds was. Die Godskennis van die digters is op so 'n verhewe peil dat ons wat reeds die Nuwe Testament ken, in verwondering aan hul voete kan sit om te leer wat die Gees deur hulle aan ons te sê het. 'n Goeie voorbeeld daarvan is Ps. 139, wat op 'n aangrypende wyse praat oor hoe God ons ken. God ken ons deur en deur. Hy deurskou ons hele wese. Voor Hom is ons oop en bloot. Vir God kan ons nooit wegvlug nie. Daar is niks wat ons voor Hom kan verberg nie. Hy weet werklik alles van ons af. Daarby word nie net gesê dat God ons ken soos ons vandag is en in wat ons vandag doen nie, maar die digter gaan ook terug na die kennis wat God van ons vroegste oomblikke, ja van voor ons geboorte af al van ons het. Dit is God wat ons gebeente gevorm het, wat ons kunstig aanmekeer gewef het in die verborge dieptes van die moederskoot. Dit is Hy wat daar al ons hele bestaan in sy hand en in sy gedagtes gehad het. Al ons lewensdae was daar al voor Gods oog aanwesig en in sy boek opgeskrewe. Ja, nog voor ons geboorte, in die dieptes van die ewigheid het Hy ons al met sy kennis omvat. Die aangrypende is nou dat die digter dit nie as iets vreesaanjaend beskou nie. Daar is ook geen spoor van dat hy dit ervaar as dat die menslike vryheid op enige manier in die gedrang gebring word daardeur dat God sy hele lewe al van voor sy eerste begin af so met sy kennis omvat het nie. Dit is vir hom net 'n oorsaak van diepe verwondering en aanbidding. Die rede daarvoor kan net wees dat die digter God nie as 'n blinde mag of noodlot verstaan nie, wie se ewige kennis van ons lewe as 'n bedreiging gesien word wat die spontaneïteit en vryheid van ons lewe ophef. Intendeel, God is so totaal anders as die noodlot dat sy kennis van al ons dae deur die digter gesien word as 'n bron van groot vreugde en troos, omdat hy God verstaan as die Liefde wat ons van ewigheid af omsluit en daarom ons lewe eers werklik sinvol maak. Dit is dieselfde troos wat die gelowiges van die Nuwe Testament ken as hulle praat oor die ewige uitverkiesing van God in Christus. Paulus sing 'n loflied daarvoor dat God dié wat Hy tevore geken het, ook geroep het, en dié wat Hy geroep het, ook vrygespreek en verheerlik het (Rom. 8:30). Buite die gemeenskap met Christus in liefde en vertroue moet dergelike taal misverstand wek oor die verhouding tussen Gods beskikking en ons menslike vryheid. Maar binne die gemeenskap van die liefde is dit die hoogste vreugde wanneer die gelowige mens opkyk in die aangesig van Hom wat ons eerste liefgehad het en daarvoor kan sing dat ons lewe van ewigheid af geken en daarom veilig en geborge is, vir altyd opgeneem in die hart van die Vader.

Uit *Die Burger* 12 Maart 1988



Die String Attacks op die oorlogspad!

'n Groepie van ons mansonderwysers en vriende het vanjaar ingeskryf om aan die plaaslike *Tag-rugby*-liga deel te neem, en het tot dusver uitstekend gevaar in die vriendskaplike wedstryde wat hulle gespeel het. Hulle staan bekend as die *STRING ATTACKS* en boesem groot vrees in by hul teenstanders!

Die amptelike liga begin hierdie Woensdag en ons wens hulle baie sterkte toe. Die spelers is mnr. Scriven, Gerber, Meyer, De Klerk, Snetler en De Villiers, asook 'n paar oud-leerlinge. Groot dinge kan van hierdie span verwag word!

Mnr. Scriven en Meyer vertoon hieronder trots die spandrag.

